# Liturgiese Riglyne

**<u>SONDAGOGGEND 09:00</u>**

## God se geskenk aan ons!

**<u>Skriflesing</u>:**
2 Petrus 1:1-15

**<u>Teksvers</u>**:
2 Petrus 1:3,5-7

**<u>Sing</u>**:
Ps 147-1:1,7
Ps 103-1:1
Lied 241:1,2
Sb 14-1:1,2,3
Ps 48-1:4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Wie deur genade geloof van God ontvang het, is skatryk. Daarom moet ons elke dag alles in die stryd werp om die sekerheid van ons geloof te versterk, deur entoesiasties ons geloof te verryk. Om ons geloof te verryk het ons WARE KENNIS van God nodig. Geestelike groei gebeur nie vanself nie. Dit vra onderwerping aan God se wil en werk in God se genade. Daarom is hierdie sewe eienskappe nie eienskappe soos sewe krale aan 'n string nie maar dit vorm alles deel van een geheel. Soos wat een eienskap groei en toeneem word die ander terselfdertyd beoefen en groei jy ook daarin. So vorm dit een geheel.

1.Wat die ware KENNIS van God en Jesus Christus is.

2. 'n Ware geloof het geestelike groei tot gevolg.

3. Sewe eienskappe van 'n godvrugtige lewe

**<u>SONDAGAAND 18:00</u>**

## Aangenome kinders van die Koning!

**<u>Skriflesing</u>:**
Joh 1:1-14; I Joh 3:1-10;
Joh 3:1-8

**<u>Teksvers</u>**:
Johannes 1:12,13

**<u>HK</u>** Sondag 13

**<u>Sing</u>**:
Ps 146:1,4,6
Ps 89:6
Sb 2-4:1,3
Sb 1-1:1,3,7
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

As ons in HK Sondag 13 bely dat Jesus die "*Eniggebore*" Seun van God is, dan het dit opsigself niks te make met sy menswording nie. Dit is nie 'n belydenis aangaande sy geboorte in Betlehem toe Hy mens geword het nie! Dat Hy die "*Eniggeborene*" is (vgl Jh 3:16) dui op sy oorspronklike en ewige afkoms: Hy is uit die Vader "gebore". Die geloofsbelydenis van *Nicea* bely dan: "*…gebore nie gemaak nie, één in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het*".

Wat uit 'n mens gebore is, is mens. Wat uit 'n dier gebore is, is dier. Maar… wat uit die Vader gebore is, is God, self God, soos God die Vader self. En Jesus Christus is die ENIGSTE ene wat só die egte Seun van God is en dus van ewigheid af self God is. Hy gaan uit van die Vader. Hy en die Vader is een (Joh 10:30). Athanasius: "*Hy is God uit die wese van sy Vader, voor alle tye gegenereer…*" .

As ons dus deur die wedergeboorte kinders van God geword het is ons sy "*aangenome*" kinders!



**KOMMUNIKAATJIE**
**Gereformeerde Kerk Centurion**
**Jaargang 47 Nr 16 8 Mei 2022**

## Die belangrikheid van voorbidding

**In 1 Timoteus 2:1 lees ons** dat ons moet voorbidding doen. Wat is voorbidding? Voorbidding is spesifiek om nie net vir jou eie behoeftes te bid nie, maar in besonder vir dié van ander. Voorbidding beteken letterlik in die Griekse taal om "tussen-*in te kom*". Dit beteken dat jy vir ander mense of persone of sake bid en pleit voor God. Moses in besonder was 'n voorbidder, Ps 106:23.

**Die beste voorbeeld van voorbidding is ons Here Jesus Christus** self. **Joh 17:20** "*Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom.*" Jesus Christus het vir sy "*liggaam*" die kerk gebid. Jesus Christus doen natuurlik meer as net voorbidding, Hy pleit vir ons by die Vader, Rom 8:34.

**Voorbidding is meer as net 'n gewone gebed**. Voorbidding is om met weldeurdagte gebede vir ander mense of sake of omstandighede te bid. Daar moet 'n erns en opregtheid wees. As ons byvoorbeeld vir Oekraïne bid, moet ons opreg en eerlik wees en God smeek vir genade.

**Ons moet elke dag voorbidding doen** vir die kerk, die gemeente, vir elke lidmaat, vir die siekes, vir die predikante, ouderlinge en diakens. Ons moet vir die regering bid, 1 Tim 2:1, vir almal wat gesag uitoefen.

**Om voorbidding te kan doen** moet ons natuurlik in 'n eerlike, opregte, afhanklike verhouding met God staan. Dit beteken ons moet die Bybel lees en ken en weet hoe God ons beveel om voorbidding te doen. Ons kan net voorbidding doen in die Naam van ons Here Jesus Christus deur die kragtige werking en leiding van die Heilige Gees.

Elkeen van ons wat al gebid het vir jou geliefdes, jou familie, jou gesin het al voorbidding gedoen.

Daarom…Paulus dring by ons daarop aan… 1 Tim 2:1

**Doen Voorbidding!**

Ds. Gerrit Kruger

# ALGEMENE INLIGTING

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

**Vrug van die Gees!**

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 9, Ps 118:1 Volgende week: Les 10, Ps 118:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Sustentasiefonds — Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Teol studentekas

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417





## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

**Wol**—enige afvalwol, ons wil graag winterkomberse brei/hekel.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

*Julle het My nie uitgekies nie,*

*maar Ek het julle uitgekies en*

*julle aangestel om uit te gaan en*

*vrugte te dra, vrugte wat sal hou.*

*Johannes 15:6*

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan. Kom skenk gerus al u kopergeld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Pieter Wolmarans 08394988 99.

## Evangelisasie Opleidingsessie

Die Evangelisasiekommissie beplan 'n praktiese opleidingsessie in evangelisasie op **Saterdag, 11 Junie** om 08:00-14:00 by die kerk.

Dit is gegrond op die sg "Hart van die mens" wat al sedert 1732 met sukses in Afrika gebruik word. Dit gebruik prente om die dade van die mens uit te beeld en tot introspeksie en DV bekering te bring.

Ons gaan opleiding ontvang by mense van Harvesters Ministries wat goed vertroud is hiermee. Ons gaan dit eers inoefen en daarna gaan ons dit prakties toepas in ons omgewing.

Belangstellendes kontak asb Marlou vd Berg per Whatsapp op 082 412 4313.

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8 Mei | Maricka | Fourie | B11 | 27832351545 |
| | Magdaleen | Snyman | C06 | 27847645357 |
| 9 Mei | Nic | Opperman | C11 | 27798929910 |
| 10 Mei | Elsa | Briel | B07 | 27828246442 |
| | Marique | le Roux | C09 | 27828506459 |
| | Isabella | Pretorius | B12 | 27842065083 |
| | Wico | Prinsloo | B08 | 27822955211 |
| | Susan | vd Walt | B11 | 27824672462 |
| | Yolande | Venter | A03 | 27796992007 |
| | Johann | Verreynne | C11 | 27825549416 |
| 11 Mei | Evert | v Seventer | B14 | 27716097654 |
| 12 Mei | Gerti | Erasmus | C09 | 27828833389 |
| | Callie | Smit | C15 | 27833763912 |
| | Walter | Vercueil | E01 | 27722254803 |
| 13 Mei | Rika | Pretorius | B18 | 27825597705 |
| 14 Mei | Carlo | Coelho | C07 | 27740556268 |
| | Mariette | du Toit | C01 | 27845801905 |
| | Kobus | Venter | C13 | 27826538353 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8 Mei | Elmi | vd Dussen | B17 | 27824137809 |
| | Janu | v Schalkwyk | B14 | 27848190026 |
| 9 Mei | Imke | de Beer | C10 | 27834693637 |
| | Cherize | de Jonge | A14 | 27711088944 |
| | Imke | Silvis | A05 | 27824663651 |
| 10 Mei | Pieter-Steph | Klopper | C12 | 27825777190 |
| | Adriana | Maree | C02 | 27824412799 |
| 12 Mei | Ryan | vd Merwe | E01 | 27828507861 |
| | Joshua | vd Walt | A13 | 27746120066 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

"*... Moenie bang wees nie*." Mark 6:50

- Rina Venter sterk tuis aan na 'n operasie (C1—714034143).
- Carel Impey sterk nog aan in die hospitaal (B18—082 928 4751).
- Klein Dewald Beumer was die afgelope week in Unitas hospitaal (A9—662 1414).
- Rita van der Vyver word hierdie week verskuif na die versorgingseenheid in Eldoraigne aftree-oord (B8—835331999).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***



## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**25 Mei** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 0846036773/ stef.vj@gmail.com**

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Woensdagaande 18:00

- - - - - -

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

## GTA

**Fear factor**
Kom geniet 'n heerlike aand by die tieners en oorwin jou vrees





## Dopperspele

Aangebied deur GK Andeon op 14 Mei. GKC wil `n span inskryf vir die jaarlikse Dopperspele. Dit is `n dag vol pret en samesyn.

Sport wat aangebied word is: Vlugbal, tafeltennis, ringtennis, toutrek, veerpyltjies, vingerbord, pluimbal, *bouls*, jukskei en pool. Daar sal ook kos en koeldrank stalletjies wees.

Ons wil graag soveel lidmate as moontlik betrek. Kontak asb vir De Wet Burger (083 216 2876) indien jy wil deelneem, of voltooi die vorm: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLScblEwqkmwnEVLkKysB_2T-T7qGfTnfiFUx51Ayz7BYMAjFXg/ viewform?usp=sf_link

## Mootkamp

**Skoolverlaters**: 10 tot 17 Julie 2022 (R850 pp)

**Groepleiers**: 8 tot 17 Oktober 2022 (R950 pp)

**Kampterrein**: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas (45km Noord-Oos van Pretoria)

Vir meer inligting - https://www.mootkamp.co.za/

Vir algemene navrae—moot@gkbrooklyn.org.za



## Senior Aksie

Vergader DV weer op

**Maandag, 9 Mei 2022**

om 10:00 in die Kerksaal

Ds Lourens Venter gaan met ons kom praat oor die Koningskinders. Hy gaan vertel oor die kamp wat hulle onlangs gehad het en wat nog vorentoe wag.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**08-May**

Esther Hoffmann — Blok A
Elzabé Barnard — Blok B
Leandré Struwig — Blok C

**15 Mei**

Tieners



## Bybelskool van Centurion 2022

bied aan

*Die Christen en sy werk*

**Plek**: GK Centurion Kerksaal

**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30

**Koste**: R100 pp

| DATUM | AANBIEDER | TEMA |
|---|---|---|
| 10 Mei | Rikus Fick | Die gelowige en arbeid |
| 17 Mei | Wikus Buys | Arbei en doen al jou werk |
| 24 Mei | Pierre Muller | Christelike arbeidsetiek |
| 31 Mei | Alwyn Swanepoel | Verbond en arbeid |
| 7 Jun | Lourens Venter | Die ewigheidswaarde van my werk |
| 14 Jun | Henk Stoker | Om nie 'n slaaf van jou werk te word nie |
| 21 Jun | Lourens Venter | Samevatting |